Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees:1 Johannes 1:1-2:2; 4:7-21

Teks: 1 Johannes 1:7b, 9; 2:1-2; 4:10

H.K.:Sondag 18 (Kandelaar – Reeks Twaalf Artikels nr 13)

Datum: 17 Mei 2009 (Kandelaar)

Psalms:Ps.8:1-4; 8:5-7; 47:1-2; 47:3-4; 68:8,9

1. Inleiding

Vandag kom die hemelvaart van ons Here Jesus Christus aan die orde.

Die ***troos*** van sy hemelvaart. Want ook in hierdie Sondagsafdeling sien ons: Die manne van Heidelberg was herders by uitstek. Daarom wil hulle ook in hierdie Sondag, op grond van die Heilige Skrif, so graag vir ons sê: Watter heerlike troos in die gebeurtenis van hemelvaart vir ons opgesluit lê, wat die nut van hemelvaart is. Die Heidelbergse Kategismus is 'n wonderlik-mooie troosboek: Die troos kom ons daarin toegestroom van alle kante.

Ek gaan my in hierdie preek toespits op die nut van ons Here Jesus Christus se hemelvaart en spesifiek op ***sy voorspraak*** vir ons, die troos, ***die heerlike geloofssekerheid wat dit ons gee***.

Ek wil in die verband by drie punte stilstaan:

1. Hemelvaart en die SEUN;

2. Hemelvaart en die VADER; en

3. Hemelvaart en die HEILIGE GEES.

2.1. Hemelvaart en die SEUN

Ons kan die tema, die boodskap van die eerste brief van Johannes so saamvat: ***Ons weet verseker: ons hét die ewige lewe; ons hét die lewe deur die geloof in Jesus Christus die Seun van God***. In hoofstuk 5 vers 13 gee Johannes self hierdie tema, wanneer hy skryf: “Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan ***weet*** dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.”

Geloofsekerheid in Jesus Christus – daaroor gaan dit in 1 Johannes. Maar dan ook baie spesifiek: ’n geloofsekerheid ***in Jesus Christus alleen***.

Ja, dit gaan om ‘n geloofsekerheid heeltemal buite onsself. Want ***óók dít*** wil Johannes by ons tuisbring (11:8, 10), ***óók dít*** moet ons ***wéét***: ***Ons hét sonde*** en - ons sonde verbreek ons verhouding met God. Inderdaad, kinders van God leef nie in die sonde nie, volhard nie in die sonde nie. En tog gebeurt dit dat ons as gelowiges struikel, dat ons sondig.

Wat moet ons dan doen as ons sondig? Waarheen moet ons gaan met ons skuld? Johannes gee ons die antwoord in hoofstuk 2 vers 1 tot 2: Daar wys Johannes ons – om dit nou maar te sê in die taal van die Kategismus - , ***daar wys hy ons op die hemelvaart van Christus en die nut daarvan*** vir ons. Want in daardie verse vestig hy ons aandag op die ***voorspraak van Jesus Christus***: “ ... as iemand gesondig het, ons het ‘n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ‘n versoening vir ons sondes ...”.

Ons kan die woord “Voorspraak” ook vertaal met Pleitbesorger, Advokaat. Jesus Christus is ons ***Pleitbesorger***, ons ***Advokaat*** by die Vader.

En nou word in vers 2 die pleitgronde van ons hemelse Pleitbesorger genoem: “En Hy is ‘n versoening vir ons sondes ...”. ’n Beter vertaling is: En ***Hy, Hy self***, ***Hy*** is ’n versoening vir ons sondes. En na ’n kommentaar op die woord “versoening” hoef u nie ver te soek nie, want in hoofstuk 1 vers 7 staan: “en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.” Die Pleitbesorger pleit op grond van sy eie bloed. Hy bring nie net ’n versoeningsoffer, ’n dier, soos die hoëpriesters in die Ou Testament nie. Hy is self die versoeningsoffer. Jesus Christus is Hoëpriester en versoeningsoffer tegelyk.

As ons ons teksverse goed wil begryp, moet ons die lees teen die ***agtergrond van die Groot Versoendag*** in Levitikus 16 en ander hoofstukke in Levitikus.

Levitikus is die boek van die offers. Ons hoor van verskillende offers en die hele offerdiens het sy hoogtepunt gevind in die Groot Versoendag. Op daardie dag, eenmaal in ’n jaar, het die hoëpriester en net hy alleen die allerheiligste van die tempel ingegaan met die versoeningsbloed. Dit alles was ’n heenwysing na ons Here Jesus Christus, wat met sy hemelvaart die hemelse heiligdom ingegaan het om vir ons versoening te doen met die bloed van die kruis.

En as u nou mooi luister, sal u hoor: ons teksverse is deurdrenk van ***Groot-Versoendag-taal***. Talle woorde gryp terug na die Groot Versoendag.

Die mees opvallende is sekerlik die woord ***versoening*** in hoofstuk 2 vers 2: “Hy is ’n versoening vir ons sondes”. Presies daardie selfde Griekse woord wat Johannes vir versoening gebruik, word ook in die Griekse vertaling van Levitikus 25 vers 9 gebruik, waar daar staan: “Op die versoendag moet julle die basuin deur julle hele land laat gaan”.

Ek vestig u aandag ook op die gedagte van ***skuldbelydenis*** in Johannes 1 vers 9: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe ...”. Die Groot Versoendag was juis ’n dag van verootmoediging, van skuldbelydenis, ’n dag van vas, van rou oor die sonde. In ’n seremoniële gebaar moes die priester sy hand op die offerdier se kop lê. Dit sou ook sekerlik die geval gewees het met die sondofferbok. Met die handoplegging het hy die sondes van die volk op die bok gelê het. Dit was ’n gebaar wat eweneens skuldbelydenis beteken.

Verder hoor ons Groot-Versoendag-taal in die woorde van 1 Johannes 1 vers 7: “... die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.” Ek bedoel hier spesifiek die woorde ***bloed*** en ***reinig*** en ***alle sonde***. Want in Levitikus 16:30 lees ons: Die hoëpriester moet op die versoendag “vir julle (d.i. vir Israel) versoening doen om julle te ***reinig***; van ***al julle sondes*** moet julle voor die aangesig van die HERE rein word.” En verskillende male lees ons in Levitikus 16 van ***bloed***: bloed wat versoen, bloed wat reinig.

Dit alles was noodsaaklike agtergrond om 1 Johannes 2 vers 1 en 2 goed te bergryp, waar ons lees: “As iemand gesondig het, ons het ‘n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ‘n versoening vir ons sondes ...”.

Ons Voorspraak, Jesus Christus, het die Groot Versoendag vervul. Op Golgota het Hy die versoeningsoffer gebring. Daar het Hy sy bloed gestort om ons te reinig van ons sondeskuld. En nou tree Hy in die hemel vir ons in by die Vader. En as ons ons skuld bely – soos die Israeliete op die Groot Versoendag – dan pleit ons Advokaat vir ons. Hy pleit vir ons op grond van sy versoeningsoffer. En - dit is die mees volmaakte pleitgrond wat daar is. Want sy bloed, sê Johannes (1:7) reinig ons van alle sonde. In hierdie pleitgrond lê ons sekerheid dat ons die ewige lewe het.

Ons <u>hét</u> sekerheid van die ewige lewe. Ons hét sekerheid - ondanks onsself, danksy die hemelvaart, ondanks onsself, danksy die voorspraak van Jesus Christus, ondanks onsself, danksy die versoening deur sy bloed.

Ons kom by die tweede:

<u>2.2. Hemelvaart en die VADER</u>

Hemelvaart is nie net fees van die SEUN, fees van die Seun se opvaart en fees van die Seun se voorspraak nie. Hemelvaart is **óók fees van die Vader**.

En u sal des te beter begryp wat ek bedoel, as ek vir u sê: **die Vader staan agter die versoeningsoffer** van Jesus Christus, agter daardie versoeningsoffer op grond waarvan ons Advokaat vir ons pleit.

Ja, **die Vader het <u>álles</u> met daardie offer te make**. En nog meer presies gesê: Dit het **<u>álles</u>** te make **met sy liefde**. Want hoor maar wat sê Johannes "**HIERIN IS DIE LIEFDE** van God (die Vader) ... geopenbaar". Waarop slaan dié "hierin"? Op dit wat in die res van vers 9 volg: Hierin is die liefde, hierin naamlik "dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het ..." Hierin blyk op die oorweldigendste wyse die liefde van die Vader vir ons.

En om die grootheid van hierdie liefde des te meer in die lig te stel, sê Johannes dat God sy ***Seun*** gestuur het. Let wel, Johannes sê nie die Vader het Jesus gestuur of dat Hy Christus gegee het nie, maar met nadruk staan dit daar: Hy het sy **SEUN** gestuur! En dan voeg die apostel daar nog by: die **ENIGGEBORENE**, om aan te dui dat die Vader die aller liefste wat Hy gehad het, gegee het. Hy het slegs één Seun gehad en dié was vir Hom die dierbaarste en kosbaarste. Tog het Hy Hom gestuur, tog het Hy Hom oorgegee...aan die dood van die kruis!

Maar nog is Johannes nie klaar met sy verduideliking van die liefde van die Vader nie. In vers 10 brei hy verder daarop uit. Vir 'n **TWEEDE MAAL** gebruik hy die woordjie **HIERIN**: "HIERIN is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het **AS 'N VERSOENING VIR ONS SONDES**".

AS 'N VERSOENING VIR ONS SONDES – hier hoor u vir die tweede maal in die brief van Johannes die woord versoening en nou word dit in verband met die liefde van die Vader gebring.

- As ons bid op grond van die versoeningsoffer van Christus, pleit ons op grond van die versoeningsoffer wat ***die Vader self*** gewil het.

- As Jesus Christus vir ons intree, bid Hy vir ons op grond van die versoeningsoffer waartoe ***die Vader self*** Hom gestuur het.

- Jesus pleit op grond van die hoogste, die heerlikste bewys van die Vader se liefde vir ons: die versoeningsoffer van sy Seun.

Die Vader stuur sy Seun as versoening vir ons sondes. So was dit reeds deur die Vader bepaal en afgebeeld in die Ou Testament en met name in Levitikus 17:11: “Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek (die HERE) het dit (hierdie versoeningsbloed) aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.” ... Die Vader het die versoeningsbloed op die altaar gegee ... die Vader het sy Seun gegee, gestuur as versoening vir ons sondes.

Ons kom by die derde:

2.3. Hemelvaart en die HEILIGE GEES

Hemelvaart en die Heilige Gees? Ja, ek hoor u al sê: Maar, dominee, in ons teksverse lees ons tog nêrens van die Heilige Gees nie? Nie in een van die verse word sy Naam genoem nie?

Inderdaad. U is reg. Maar al word die Heilige Gees hier nie by name genoem nie, tog staan Hy in hierdie verse voor ons en in die Johannes-brief is Hy die Een wat tot ons spreek en Hy is die Een wat ons met die Voorspraak en die versoening van Christus troos.

Immers, kort voor sy kruisiging het Jesus self vir sy dissipels gesê: “Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid (Joh 14:16), die Gees van die waarheid” en Hy sal “julle in die hele waarheid lei” (Joh 16:13). Christus is die waarheid – die weg en die waarheid en die lewe.

En hier in ons teksverse, hier is die Heilige Gees besig om juis dit te doen: om ons in die hele waarheid te lei, om Christus en sy heil, ook die heil van hemelvaart aan ons te verkondig.

Deur sy getuienis, Johannes, getuig die Heilige Gees.

Die Heilige Gees ge-tuig. En ge-tuig is ook oor-tuig. Met die getuienis van die soenoffer van Jesus en die liefde van die Vader daar agter ***ge-tuig*** die Heilige Gees en ***oor-tuig*** Hy ons: op grond van die werk van die Seun mag ons met alle sekerheid weet: ons het die ewige lewe. Hy getuig van die waarheid van Christus se voorspraak en Hy oortuig met die waarheid van Christus se voorbidding. Hy getuig dat die bloed van Jesus Christus ons reinig van al ons sondes en Hy oortuig ons ook daarvan. Hy getuig en oortuig van die volkomenheid van hierdie offer en die volmaaktheid van ons Advokaat se pleitgrond.

Die Heilige Gees verseker my van die ewige lewe op grond van die bloed van Jesus Christus. En dit alles staan alreeds in Sondag 1: Jesus Christus het “met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal” en “Jesus Christus verseker my daarom (op grond van daardie bloed) deur sy Heilige Gees van die ewige lewe”.

3. Slot

Hemelvaart is 'n feit, 'n heerlike werklikheid. Met hemelvaart is die hemele vir ons ontsluit, sodat ons met vrymoedigheid elke dag daar mag intree. Nou het ons daar 'n Voorspaak sonder weerga wat altyd vir ons pleit en ons saak by ons Vader opneem. Op die liefde van die Vader en die Seun vestig die Heilige Gees ons aandag met die gebeurtenis van hemelvaart. En op grond van hierdie getuienis bid ons met vrymoedigheid: Vader, vergeef ons ons skulde. En op grond van die getuienis van die Heilige Gees weet ons met sekerheid: ons hét die ewige lewe het (1 Joh 5:13).

Ek eindig met die Groot-Versoendag-taal van ons Nagmaalsformulier: “Neem, drink almal daaruit; gedenk en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.”

AMEN.